And let us also not regard sin as an impersonal factor in our human affairs: a mere **fatum**, a blind destiny. For as much as sin is committed personally, with all the crises that it causes in our personal lives and the life of our society, so much is it caused by a Person, the person of Satan. It may sound odd and medieval for a theologian to declare in this our enlightened 20th century that he believes in the Devil and his personal inspiration of **hubris** or Sin. But this is what the Bible teaches us, and however fleeting its references to Satan, there can be no doubt about his very real existence and his very pernicious influence on our lives.

As far as we, His creatures, are concerned God still has to deal with his counterpart, Satan, Good with Evil; and this is the eternal struggle in which all of us are embroiled. Hence our hankering after God. Hence our hankering after Sin and its Originator. Hence the crisis in which we perpetually find ourselves.

We are, whether we like it or not, engaged, not in a cold war, but in a hot war for the very salvation of our souls and the continuance of our Christian society.

BANTOE-TUISLANDE

Is Die Beleid van Bantoe-Tuislande (Die Sogenaamde Groot Apartheid) 'n Mite, 'n Fiksie, of 'n Eerlike, Reële Oplossing?

Die verhouding van die rasse in Suid-Afrika word deur baie Christene oor die hele wêreld tereg gesien as 'n saak waarby nie slegs Suid-Afrika belang het nie. Die sg. „rassevraagstuk” is immers een van wêreld-omvang. Die aandag van die hele Christelike wêreld is dan ook gerig op die wyse waarop dit hier in Suid-Afrika benader word, veral omdat die afmetings wat die probleem van rasseverhoudinge hier aanneem, soveel groter is as waar ook al ter wêreld. Ook in Nederland is daar persone en instellings wat nóg van bemoeisiekheid nóg van oningeligtheid verdink kan word, wat dit met groot aandag bestudeer. Dit geskied nie slegs uit opregte belangstelling en besorgdheid nie, maar veral ook uit die besef van betrokkenheid. Die onderstaande artikel getuig daarvan. Die skrywer, wat verbonde is aan die Sociaal-Wetenskapelijk Instituut van die Vrije Universiteit te Amsterdam, was so vriendelik om 'n lesing wat hy tydens die „College Plurale Samenlevingen” op 10 Desember 1968 te Amsterdam gehou het, aan PRO VERITATE af te staan vir publikasie. Drs. Feddema het ons land ook al by verskeie geleenthede besoek.

DRS. J. P. FEDDEMA

1. Die beleid van Bantoe-tuislande is en bly 'n vorm van segregasie, 'n middel wat in die geskiedenis al dikwels beproef is in rasseverhoudinge (meestal as 'n oorheersings- of kompetisietegniek van die dominante groep), terwyl dit origens lyk na 'n tydelike en tydgebonde middel wat nie, of nouliks, daarop kan aanspraak maak om enige langdurige resultaat te hê nie.

2. Met name t.a.v. die Negers het die pogings van apartheid/segregasie en swart-Sionisme/„back to Africa” ens. 'n mislukking geblyk te wees.

3. Veral in die huidige tyd van (a) toenemende wêreldeenheid, (b) toenemende kommunikasie, (c) toenemende mobiliteit, (d) toenemende spreiding van demokrasie en ander verligte ideale (N.B. Dit was veral die Aufklärung wat 'n einde gemaak het aan die gedwonge segregasie van die Jode in baie lande), (e) toenemende spreiding van onderwys, ens., lyk dit of segregasie 'n onuitvoerbare anachronisme is.

4. Die tuislande-beleid beoog nie die afskaffing van die kaste-skeiding nie en bly in wese diskriminerend, omdat resente blanke immigrante, bv. uit Griekeland, in teenstelling tot die cutentieke bruin en swart inwoners, wel aanvaar word as volwaardige inwoners van die Republiek.

5. Die tuislande-beleid kry meer en meer die karakter van die mite vir die toekoms en 'n rasionalisasie vir die hede.

(a) Waar Verwoerd se latere uitsprake wel min of meer geïnterpreteer kan word as beloftes vir die uiteindelijke selfstandigheid van die Bantoe-tuislande, is daar sedertdien geen aanwysings van offisiële kant in dié rigting nie; oor 'n streefdatum, hoe ver oek al in die toekoms, word geen woord meer gerep nie.

(b) Enkele vooruitstrewende nasionalistiese Afrikaner - intellektueles wat grootskeepse versnelling van die ontwikkeling van die tuislande bepleit met die argument dat die huidige apartheidsmatreëls alleen as oorgangsmatreëls geregverdig kan word, kry die nee-woord met die motivering dat apartheid in prinsipe nie as 'n oorgangsmatreël beskou kan word nie.

6. Die tuislande-konsep is 'n miskenning van die akkulturasieproses wat in die meervoudige Suid-Afrikaanse samelewing reeds 'n lang tradisie het, maar wat hom met name na die Tweede Wêreldoorlog sterk afteken en eweëns in die stamgebiede 'n merkwaardige intensivering/versnelling ondergaan.

7. 'n Snelle ontwikkeling van die Bantoe-tuislande is uitgeslote solank as wat „Pretoria” vashou aan die politiek (wat nativisties aandoen) van romantisering/idealisering van die tradisionele Bantoe-kultuur — 'n politiek wat saamhang met die miskenning van die akkulturasieprosesse in Suid-Afrika soos in punt 6 aange-
toon.

Dit geld met name solank as wat (a) die vorming van individuele grondbesit (sogenaamd strydig met die stamtradisie), (b) verstedeliking, (c) grootskeepse industrialisasie, (d) partikuliere kapitaal in die tuislande ge-weer/teengegaan word.

8. Die plan van die sogenaamde grensnywerhede is geen reële alternatief vir die nie-toelating van partikuliere kapitaal in die Bantoe-tuislande nie.

(a) Die nywerhede sal alleen tot so 'n vorm van desentralisasie aange-trek kan word as die daartoe aange-wese gebiede infrastruktureel nie te veel moeilikhede oplewer nie en veral nie te afgeleë is nie.

(b) Grensnywerhede bring nuwe stedelike kerns in aansyn wat soos bv. Rosslyn (ong. 20 km. van Pretoria) en Hammarsdale (naby Pietermaritzburg) op die duur sal saamvloei in die oë.

(c) Grensnywerhede soos wat dit vandag reeds gevestig is en slegs in 'n enkele geval suksesvol is (nl. dié vlakby Pretoria), bevorder integrasie (sien 8 b.)

(d) Grensnywerhede, volgens die voorstelling wat in teorie daarvan gemaak is, sal ook die wedersydse afhanklikheid van blank en nie-blank eerder laat toeneem as laat afneem.

9. Die Bantoe, wat origens van oorsprong meer vechouer is as vee-teler, het as trekarbeider of as permanente stedeling getoon dat hy aanleg het vir arbeid in die moderne

industrie. Dit sal dan ook makliker wees om van hom 'n geskoolde industrie-arbeider te maak as 'n moderne landbouer, afgesien van die feit dat vir moderne landbou die omvang van die huidige stamgebiede minder as 'n kwart bedra wat werklik nodig is.

10. Dit skyn asof die tuislande-beleid moeilik gekombineer kan word met die ekonomiese kragte in Suid-Afrika as gevolg van die hoë ekonomiese bloei van hierdie land en prosesse van industrialisasie en verstedeliking, kragte wat eerder verenigend as skeidend werk en elke jaar die stroom arbeidskragte uit die stamgebiede weer laat toeneem. Trouens, die Witwatersrand, opgebou deur blank en swart, is en bly die ekonomiese hart van Suid-Afrika, 'n hart wat die sjirurgiese ingryping van skeiding/verdeling nie sal gedoë nie.

11. Afgesien van die feit dat die Suid-Afrikaanse ekonomie sonder die vele miljoene Bantoe-arbeidskragte sou ineenstort, stuit die tuislande-beleid af op die onwil van die blanke bevolking.

(a) Hulle toon geen gewilligheid om afstand te doen van die vele Bantoe-bediendes nie, ens.

(b) Daar is te weinig offergesindheid by die blanke belastingbetaler vir die ontwikkeling van die sogenaamde nie-blanke gebiede.

12. Ook die regering van Suid-Afrika blyk in wese nie bereid te wees tot 'n ontwikkeling op groot skaal van die Bantoe-tuislande nie.

(a) Die begroting van die ministerie van Bantoe-ontwikkeling bedra nog geen tiende van dié van die ministerie van verdediging nie.

(b) In die eerste ses ontwikkelingsjare van die tuislande is daar slegs 945 nuwe industriële werkplekke tot stand gebring, terwyl dit volgens die Tomlinson-verslag minstens 300,000 en volgens enkele progressiewe Afrikaner-intellektueles minstens een miljoen moes wees. Prof. J. P. van S. Bruwer, een van die grondleggers van die gedagte van Bantoe-tuislande, skryf op 3 Julie 1966 teleurgesteld of verbitterd in „Die Beeld”: „Ons lewe eintlik in 'n droom van teoretiese bevrediging, van wetmatige skimbeelde van geformuleerde beleid” . . . (maar) . . . „na twintig jaar Nasionale bewind het ons bitter min verder gekom aan die ware beeld van die afsonderlike ontwikkeling, van die uitbouing van 'n gesonde volkerebeleid . . .”

13. Sowel die Tomlinson-kommissie as ander ondersoekinge het aange-ton dat die infrastrukturele situasie van die Bantoe-tuislande van so 'n aard is dat vir 'n redelike ekonomiese bestaan meer as die helfte van die tans aanwesige 3.5-4 miljoen Bantoes die stamland sal moet verlaat, hoeseer die nasionalistiese Afrikaners nog steeds droom van 'n toekoms waarin die stroom van die migrasie in 'n teenoorgestelde rigting sal beweeg, nl. na die tuislande, hoewel, so skryf prof. Bruwer in genoemde artikel bitter ironies, „oor die jaar nou nie meer gepraat (word) nie”.

14. Die Transkei fungeer as die sg. model-tuisland, maar dit lyk nie asof daar in die nabye toekoms ooit 'n tweede Transkei van enige belang (die Ciskei is daarvoor te klein) in die lewe geroep sal kan word nie.

(a) Die Zoeloes weier nog steeds om hul medewerking te gee aan die tuisland-idee en bowendien is hulle gebied hiervoor te veel versnipperd.

(b) Die orige stamgebiede — origins net soos die terrein van die Zoeloes baie moeilik tot 'n geheel te maak — bevind hulle in 'n baie armlike toestand as gevolg van erosie, langdurige droogtes, hongersnode, ens.

(c) Suidwes-Afrika skyn hierin voorrang te kry bo die eie land.

15. Die planne om die idee van Bantoe-tuislande aantrekliker te maak deur die Suid-Afrikaanse tuislande saam te voeg met die voormalige Engelse protektorate en so dus die sg. nie-blanke grondbesit van 13% tot 45% uit te brei — ook die Tomlinson-verslag stel dit voor — het misluk. In die lig van die veelrassige basis van die jong state soos Lesotho en Botswana is 'n saamvoeging ook in die toekoms uitgeslote. Die „gemenebes”-idee wat deur dr. Verwoerd gelanseer is, skyn daarmee eweëns van die baan te wees.

16. Die tuislande-beleid bring geen oplossing vir die ruim twee miljoen Kleurlinge en Asiëte in Suid-Afrika nie.

Hulle histories gegroeide regte in Suid-Afrika word hulle meer en meer deur die een wet na die ander ontnem, terwyl sowel minister Botha as minister Viljoen nog in die herfs van 1968 'n soort „Kleurling-stan” of 'n Kleurling-tuisland as 'n hersenskim van die hand gewys het.

17. Die tuislande-beleid bied geen oplossing vir die 7-8 miljoen ontstamde Bantoes wat buite die tuislande woon en grotendeels daar gebore en getoë is nie. Ook die mees ontwikkelde Bantoe sal daar altyd, net soos die Kleurlinge, tweede- of derde-rangse burgers bly. Noudat nagenoeg alle ander kanale vir hulle gesluit is om uiting te kan gee aan hulle gedagtes, gevoelens en frustrasies, laat die Bantoe dit nie na om die kans wat die tuislande-beleid bied, aan te gryp om nog enige invloed op die blanke regering te kan uitoefen nie. Dit spreek vanself dat hulle nooit met die tuislande-plan genoë sal en kan neem as 'n afdoende alternatief vir hulle verlangens nie. Om politieke regte te verleen vir 'n gebied wat mense nie, of nouliks, ken nie, lyk nie baie reëel nie. Selfs uit eie kring kom die kritiek die regering tegemoet: „Die idee dat 'n volk wat buite sy gebied woon, genoeg daaraan het dat hulle „deel het aan die gemeenskaplike grondbesit van die volk’ is alte idealisties gesien, soos ook die nuwere idee wat in die jongste tyd na vore kom, dat ontwikkeling van 'n volk as volk kan plaasvind los van sy land”. („Woord en Daad”, Mei 1968).

18. Die tuislande-beleid bied geen oplossing vir die integrasie-vresende blankes nie, ook nie wat getalsverhoudinge betref nie. Selfs die mees grootskeepse aanpak in die ontwikkeling van die tuislande sal nie kan verhinder dat in die resterende gedeelte van Suid-Afrika (N.B. 86-87% van die grondgebied) die Bantoes die blankes altyd ver in getalle sal oortref nie, afgesien nog van die Kleurlinge, en dat integrasie ten spyte van alle maatreëls voortgaan nie. As dit nou reeds al heeltemal onjuis is om hierdie resterende gedeelte die sg. „blanke” gebied te noem vanweë die Kleurlinge en die 7-8 miljoen Bantoes wat daar woonagtig is, dan lyk dit heeltemal na 'n mite om te dink dat via die tuislande-plan veelrassige Suid-Afrika 'n „witmansland” sou kan bly.

(Uit die Nederlands vertaal).

"WE PREACH NOT OURSELVES..."

— E. A. DU PLESSIS*

"We preach not ourselves, but Christ Jesus as Lord, and ourselves as your servants for Jesus sake." — 2 Corinthians 4: 5.

These words were spoken by the greatest Christian missionary of all times, Paul. He referred to one of the earliest groups of people converted from paganism to Christianity, namely the church in Corinth. These words clearly define the message and the pattern of service of the Christian faith. The answers to the "WHAT?" and "HOW?" questions relating to the Christian faith can be found in these words.

It is now exactly 1905 years ago since the first and probably the worst persecution took place against Christians in Rome in the year 64 A.D. under the Emperor Nero. The apostles Paul and Peter probably met their death as martyrs at this time. They boldly suffered martyrdom because the message they proclaimed was greater than the Roman Empire; theirs was a message different from that of Caesar. In short, they proclaimed the message of Jesus Christ. Since then the mighty Roman Empire has collapsed. Many another empire has risen and fallen; civilizations have come and gone. Yet the Christian faith has in the meantime become established as a truly universal faith.

THE CHRISTIAN COMPULSION

The fact that the Christian faith has become fully universal is the work of Christ and Christ alone. There is very little, if anything, in this state of affairs for Christians to boast of nor does it give them the green light for complacency. Christians are still a minority and the numbers who even profess to be Christians are fast dwindling rather than increasing. It is in the light of these harsh facts that Christians would do well to restate, re-iterate and relive the words of Paul, namely "We preach not ourselves, but Christ Jesus as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake". These words press with a particularly compelling urgency and an almost irresistible force on the South African church. Paul quite clearly regarded the message as a matter of life and death. Something unique had happened. God had become flesh; the eternal God had become man in Jesus Christ, entering our life, our world, teaching us, healing us, feeding us, and finally dying for us. His death and resurrection meant the forgiveness of sin and the gift of eternal life. Equipped with this vivid experience and certain

knowledge Christians could shout with joy because they certainly had something to shout about. "We can't help speaking of the things we have seen and heard," (Acts 4: 16), Peter and John said when they were charged in court. Paul said "Necessity is laid upon me. Woe is me if I do not preach the Gospel!" (I Cor. 9: 16). One cannot help feeling the power, the compelling urgency and the irresistible force emanating from these words.

SERVICE AND SACRIFICE

The words of Paul fall very neatly into two parts i.e. the message itself ("We preach not ourselves, but Christ Jesus as Lord.") and the service ("as your servants for Jesus' sake"). It is therefore to the second point that we now turn our attention.

The whole earthly ministry of Christ was marked by passionate service rendered to people. "He went about doing good" is literally true. He healed the sick, He fed the hungry and He completely identified Himself with the joys and sorrows of the people. He really cared.

This then is what Paul had in mind when he wrote 'as your servants for Jesus' sake'. The Message of the Christian faith is to find practical expression. Actions speak louder than words. A Church is ultimately to be judged not by the quality of its preacher alone (which certainly is essential) but by the quality of its service. "Not everyone who says to me 'Lord, Lord' shall enter the Kingdom of heaven, but he who does the will of my Father who is in heaven". (Matthew 7: 21).

THE "MESSAGE" OF APARTHEID

Nobody can say any more that Apartheid is only a political policy. Apartheid has become the religion of a large section of the South African white people. This doctrine is preach-

ed with religious fervour and it is applied with fanatical sincerity. "Apartheid is the traditional South African way of life" is a phrase repeatedly heard at home and abroad. Paul said "We preach not ourselves" (not our ideas or opinions, way of life or civilization) "but Christ Jesus as Lord". This then is the crux of the Christian message. Apartheid extends its influence over the whole of life, private as well as public, and exacts full submission of the individual to its demands. To this end innumerable laws have been enacted by the South African Legislative Assembly. In the process people have lost all the basic human rights as enshrined in the Declaration of Human Rights. A person has lost the freedom of assembly, movement, residence, marriage, work and worship — to mention only a few.

With such a wicked situation prevailing Christians would do well to ask themselves: what does the Christian faith say or what is the Christian faith all about? Surely it requires a complete and total submission to the will of God as revealed by Christ. It is therefore in the light of the work, life, death and resurrection of Christ that Apartheid must either be accepted or rejected. "The Message to the people of South Africa" of the S.A. Council of Churches is a case in point, although it can fairly be said that this magnificent document came rather ominously late. However, if one asks: Who is proposing to do exactly what? then some possible disillusionment is not to be ruled out. In view of the fact that the so-called South African traditional way of life has shown itself repeatedly capable of callously ostracizing the Christian ministers who have dared to make a stand, one can only expect that the life of the few faithful servants of God will still be made even more unbearable in the years to come. The history of the Christian church abounds with examples to support this claim. There is no doubt that there are some South African Christians who would have the courage to make some supreme act of self-sacrifice. This is inevitable and unavoidable considering the compelling and dynamic message of the Christian faith. For the service which Christ rendered on earth involved the

greatest of all sacrifices. Thus when Paul says "as your servants for Jesus' sake" no one can doubt that the man was capable of sacrificing himself for that very message which he so eloquently proclaimed.

When Dietrich Bonhoeffer was awaiting execution in Hitler's Germany he wrote from prison: "Who stands his ground? Only the man whose ultimate criterion is not in his own reason, his principles, his conscience, his freedom or his virtue, but who is ready to sacrifice all these things when he is called to obedient and responsible action in faith and exclusive allegiance to God. The responsible man seeks to make his whole life a response to the question and call of God." (See Dietrich Bonhoeffer, *LETTERS AND PAPERS FROM PRISON*; S.C.M., 1953.)

The overwhelming majority of Christians in South Africa would probably compromise rather than make a stand. This too is borne out by the history of the church in extremely trying times. Of this one can only take note with a sense of oscillating shame.

There is in South Africa as in any other nominally Christian country the tendency for the congregation to expect their minister not only to take the initiative, but also to do all things that matter by himself. This is quite clearly not what Paul meant when he wrote: "We preach not ourselves . . ." The "We" here surely refers not only to the small group of apostles, but also to the whole Christian community. **Thus "The Message to the people of South Africa" should not be — though it evidently is — the work of only so-called theologians, but rather that of every Christian who dares to call herself or himself a Christian. For when the full meaning and implications of this document are being properly understood and put into practice, the words of Paul "as your servants for Jesus' sake" would become a living reality in South Africa. It is only then that the twin principles of service and sacrifice will find practical application.**

SUFFERING IN SOUTH AFRICA

That there is a lot of unnecessary suffering in South Africa nobody can deny. The tragedy of most of the human suffering is greatly aggravated by the fact that it is largely brought about by deliberate government policy. The needless suffering could

quite clearly be completely prevented in some cases and certainly considerably alleviated in other cases. In a country which is enjoying unprecedented economic prosperity, is almost fully industrialized and has unlimited supplies of raw materials, one would hardly expect so much illiteracy, malnutrition, squalid and poverty-stricken conditions. Yet this is exactly what is happening. This is immeasurably complicated by the fact that the division between the rich and the poor is based on skin colour alone. Thus the fairer a man's skin the more opportunities and better facilities he enjoys; the darker the skin colour the more a man has to bear the full brunt of the suffering. Thus some basic statistics suggest that the life expectancy of a white man is 64.6 (a white woman 70.1) whereas a coloured man has one of 44.8 (a coloured woman 47.8). For Africans such figures cannot be worked out because not all African births are registered. African life expectancy is quite clearly lower than that of coloureds. Only R11.50 is spent annually on an African child at primary school whereas the amount spent on a white child is ten times as high. Furthermore, a mere 13% of the total geographical area is allocated to so-called African Reserves. Yet Africans amount to 68.1% of the population of South Africa. (Of course one can argue that only one-third actually do live in the Reserves, another one-third on white farms outside the Reserves and a further one-third in the urban areas, but even so it does not detract from the obvious injustice of the whole situation). Over 1,300 Africans are arrested every day of the year under the "pass laws". That this iniquitous requirement causes immense and incalculable hardship and suffering can hardly be denied.

Somebody may ask: But why mention all these things when Paul's historical statement, namely: "We preach not ourselves, but Jesus Christ as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake" is being discussed? The answer is simple. The writer of this article does not believe that there are compartments in our life in which Christ is not Lord. If Christ is Christ then surely He is Christ of every aspect of our private and public life. Therefore, if Christ is to save us in our spiritual life, then He must save us in our political, social and economic life as well. There can be no compartment in our life in which we can put up a signpost with the words

"NO ENTRY TO CHRIST". If the church wants to cease to exist then the surest way to committing its own suicide is to shut Christ out of some compartments of life. People will say and very rightly too that they do not want to have anything to do with such a church.

Economic and social circumstances do affect the spiritual life of people. When white people do not allow a black man to come into their church simply because he is black; when white people occupy another people's country and give them the Bible in exchange; when white people get rich at the expense of black people then one is moved to ask: Did Christ really mean anything to them at all? The very Christ who identified Himself completely with the world and who lived a life of service, suffering and sacrifice is also the Christ of all, irrespective of colour or race. It is this Christ whose message Paul urges us to preach and for whom to make sacrifices.

"INCARNATE DEVILS"

Someone may reply that Christians are expected to concern themselves only with spiritual matters. This argument is often heard in South Africa among Orthodox-Calvinistic Christians in particular and among so-called Evangelical Christians or Fundamental Christians in general. We should, however, note that John says: "God so loved the world . . ." (John 3: 16). The late Dr. W. E. Sangster had something very pertinent to say about this. He very clearly pointed out that some Christians have used the word "world" only in a negative sense, namely the world as organized apart from God. He then went on to write: "They have tended to withdraw from it, to live their own segregated life within it, snatching a soul here and there as they could, but really resigning the world to the Devil.

"But it is God's world. He made it. He sustains it. He redeems it. He hasn't resigned it to the Devil. He is fighting for it. Christians should be fighting with Him." (See: *HOW MUCH ARE YOU SAVED?* Westminster Pamphlet No. 11. By W. E. Sangster.)

It is remarkable to note that the Christians who use the Bible now in defence of racialism use exactly the same verses and the same manner to justify the most unbearable racial discrimination as Christians did to jus-

tify the inhuman slave trade. Albert Barnes said in the United States in 1846: "The defence of slavery from the Bible is to be and will soon be abandoned and men will wonder that any defence of such a system could have been attempted from the Word of God". His prophecy came true. It will also no doubt come true for those unfortunate souls who defend Apartheid with the Bible in the hand. However, Apartheid is still very much

a living reality in South Africa and all the indications are that it may even become worse rather than slackening off.

Richard Baxter, a Presbyterian minister, condemned all slave-traders, who included Christians in those days, as "fitter to be called incarnate devils than Christians". It was a most apt description.

Once again the words of Paul says: "We preach not ourselves, but Christ

Jesus as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake". Armed with these words, Christians can be assured of the future of the church, but Apartheid can have no future because it is a denial of these very words which form the central citadel of the Christian faith.

(* Mr. E. A. du Plessis is a student of Social Anthropology at the University of Leiden, Holland.)

„VERANTWOORDE REVOLUTIE”

Onder bogenoemde titel het in Desember 1968 by die uitgewers J. H. Kok N.V., Kampen, 'n boek verskyn uit die pen van dr. J. Verkuyl, hoogleraar in die Sendingwetenskap aan die Vrije Universiteit te Amsterdam, en dr. H. G. Schulte Nordholt, hoogleraar in die sosiale wetenskappe aan dieselfde universiteit. Dit dra as ondertitel, **OVER MIDDELEN EN DOELEINDEN IN DE STRIJD OM TRANSFORMATIE VAN SAMENLEVINGEN.**

Myns insiens is hierdie boek vir Suid-Afrika van groot belang, nie alleen omdat in die bydrae van dr. Verkuyl herhaaldelik spesifiek na Suid-Afrika verwys word nie (en selfs die name van Luthuli en Beyers Naudé word genoem!) maar veral ook omdat 'n mens by die lees daarvan diep onder die besef kom dat, al sou daar geen enkele verwysing in voorkom na ons land of na persone wat hulle hier in die stryd om sosiale geregtigheid onderskei het nie, dit in ons situasie inspreek asof met 'n direkte gerigtheid.

Die titel **Verantwoorde Revolusie** is waarskynlik al genoeg om sommige wagters op die apartheidsmure van ons land die aapstuipe te laat kry. En die „status quo”-regs-sinnigheid sal by die aanhoor van die ondertitel, **Over middelen en doeleinden in de strijd om transformatie van samenlevingen**, waarskynlik voel dat die tyd weer aangebreek het om die „brandstapel” wat in ons politieke en kerklike geskryfte so verterend kan vlam, gereed te maak vir nog 'n lekker, vet kettery.

BRANDENDE VRAAGSTUK

Ek wil my veral bepaal by Deel I, geskryf deur dr. Verkuyl. Nie omdat ek Deel II, van dr. Schulte Nordholt, van geringer waarde of minder belang ag nie. Inteendeel, dit is besonder insiggewend vir elkeen wat maar enigsins 'n idee wil kry van wat „revolusie” in werklikheid beteken, nie alleen taalkundig nie, maar ook

as probleemverskynsel in die geskiedenis. Terwyl die bydrae van dr. Verkuyl egter die karakter van 'n evangeliese getuicnis dra, is dié van dr. Schulte Nordholt 'n samevatting van die resultate van 'n werkcollege vir doktoraalstudente wat onder sy leiding gehou is. Die revolusie-verskynsel, ook as probleem waarmee die sosiale wetenskappe tot dusver maar ploeterend besig was, word in sy problematiek ontleed en van verskeie kante as vraagstuk belig. Wat uit die stuk inderdaad duidelik word, word sowel in die **Inleiding** as in die **Conclusie** treffend geformuleer: „De revolusie is een brandend vraagstuk. Ieder die er over spreekt zal zich er aan branden”.

Dit neem egter nie die feit weg dat nadere besinning daarvoor nodig is nie. Wetenskaplike ondersoek in die verband, so lui die konklusie, het nog maar nouliks begin en die wetenskap het nog maar weinig daarvoor te sê. Ook in Uppsala (1968) het die revolusie-probleem nouliks aan die orde gekom. Uit die „vlugtige verkenning” wat in die verslag van die werkcollege sy neerslag gevind het, het dit egter wel geblyk dat die denkpatroon oor die revolusie erg star is — waarmee waarskynlik o.m. bedoel word dat dit sedert die Franse Revolusie steeds deur die beperkte en duidelike betekenis van 'n „gewelddadige en plotselinge verandering van politieke en sosiale strukture” gevorm word. Ook kan gedink word aan die min of meer vaste neiging om die cindstadium van verskillende ingrypende ver-

anderingsprosesse wat hulle in baie dele van die wêreld voltrek, te modelleer na die voorbeeld van een sisteem, terwyl daar nie rekening gehou word met die feit dat by alle trekke van ooreenkoms wat daar mag bestaan, die veranderingsprosesse hulle in verskillende kulture voltrek onder verskillende omstandighede, sodat die loop en selfs die eindresultaat van dergelyke prosesse verskillend kan wees en selfs waarskynlik verskillend sal wees nie.

Omrede van hierdie starheid, so voel prof. Schulte Nordholt en sy werkspan, sou dit nodig kon wees om afstand te neem van die gangbare denkpatroon oor die revolusie-verskynsel, soos dit miskien ook gedoen kan word t.a.v. die heersende magte wat die strukturele veranderinge teëhou. En deur so 'n afstandneming, so lei ek af, moet die woord „revolusie” meer verstaan word in die wyer betekenis wat dit besig is om in die algemene spraakgebruik te kry, nl. 'n ingrypende sosiale struktuurverandering (of dit gesien word as 'n proses wat hom langs die weg van geweld of sonder geweld voltrek, moet dan duidelik gesê word), of snelle „modernisering” (in die sin waarin H. D. Wendland by geleentheid die woord gebruik het). In so 'n wye betekenisinhoud is daar vir 'n „teologie van revolusie” genoeg ruimte om aan kerke die eis te stel dat hulle nie kritiekloos agter die gevestigde magte moet gaan staan of selfs met 'n **aggiornamento** tevrede moet wees nie, maar die wêreld moet wys na strukturele maatskaplike verandering daar waar die bestaande strukture nie ooreenkoms met wat hulle vandag sien as sosiale geregtigheid nie.

Hierdie studiestuk bevat 'n massa interessante materiaal, maar dit kan die leser nouliks bevredig. Die on-

omwonde erkenning dat die probleem waaroor dit handel 'n warm patat is, laat 'n mens egter nie soek na afgerondheid en omynde antwoorde nie. Dit is in elk geval interessant om 'n insae te kry in die wyse waarop 'n verantwoordelike hoogleraar en sy gevorderde studente hulle met die probleem besig hou.

LIG UIT DIE SKRIF

Daar is veel meer helderheid in die wyse waarop prof. Verkuyl oor „verantwoorde revolusie” praat. En ek wil dadelik sê: Wie sy bydrae met 'n Pontiaanse of 'n Treurnichtiaanse vooringenomenheid lees, of met 'n oorhaastige „Entdeckerfreude” dat hier nog 'n „aanhitser tot geweld,” wat hom in die gelede van die behoudende teologie bevind, kleur gaan beken, sal pynlik teleurgesteld wees. Dit gaan vir Verkuyl daarom dat die kerk en die teologie hom oor sy roeping en taak in die wêreld van vandag moet verantwoord. In 'n tyd waarin ons die feitlikheid beleef van die uittog van volke uit toestande van politieke onderhorigheid, sosiale onreg en ekonomiese uitbuiting na 'n nuwe toekoms van mensliker verhoudinge te midde van onmenslike situasies, sou dit van die kerk en die teologie hoogs onverantwoordelik wees om bloot 'n toeskouersrol, of erger nog: die rol van bekrompe sedemeester in diens van die *status quo*, te vervul. En verantwoord is iets anders as om aan die gebeurtenisse self een of ander teologiese duiding te gee. Dit gaan om die roeping van die kerk in die wêreld waarin hy hom bevind.

In hierdie wêreld word daar ont-saglik veel gely. Daar is politieke en maatskaplike en ekonomiese stelsels van onreg wat miljoene mense in baie wêrelddele nog steeds hou in die knegskap van ellende en regteloosheid. Die kerk bevind hom te midde van die stryd om reg en om bevryding, of hy sien ook die letargie van vele wat uit hulleself geen krag kan voortbring tot hoop en verwagting nie.

Wat glo die kerk aangaande die wêreld en hoe sien hy sy taak in die wêreld? Daaroor moet hy hom verantwoord. Die vraag na geregtigheid in die samelewing, nasionaal, internasionaal en mondiaal, dring hom aan die kerk op. Hy kan dit eenmaal nie ontwyk om tot selfrekenskap te kom oor waar hy staan, oor watter weg hy moet aanwys en oor wat van Godsweë in hierdie wêreld van hom verwag word nie. En juis om nie soos 'n vreemdeling in hierdie wêreld te

staan nie, sal hy hom moet terugtrek om aandagtig te luister na wat die „vreemde” Woord van God, wat dit in tye van oorlog en gevangenskap lig kan laat word in tronkselle en in nagte van honger en ellende, in hierdie tyd aan hom wil sê.

Dan sal die kerk, wat hom dikwels so ongevaarlik vreemd in hierdie wêreld gedra en dan juis ook so voortrefflik harmonies in die skema van hierdie wêreld inpas, opnuut ontdek wie God is en wat sy bedoeling met sy wêreld is. Hy, die Bevryder van Israel uit die slawehuis, is nie die God van die *status quo* nie! Hy lei sy volk uit hulle ekonomiese en politieke en geestelike slawerny en gaan hulle voor op die weg na 'n nuwe toekoms. Voor die aangesig van **hierdie God** mag sy volk geen ander gode hê nie. Sy heerskappy wil Hy uitoefen oor 'n bevryde volk wat leef van sy barmhartigheid en geregtigheid en wat dan ook in alle verhoudings waarin dit leef, gestalte gee aan hierdie barmhartigheid en geregtigheid. In Israel het Hy geopenbaar wat sy bedoeling met die wêreld en met die menselewe is: Hy wil sy ryk op aarde oprig waarin geregtigheid „breeduit” woon. **Die aardse lewe moet 'n gemeenskap wees waarin God God is en die mense mense is, en waarin God en die mense saamwoon in geregtigheid en liefde in 'n onverbreekbare bondgenootskap.** Van hierdie bedoeling getuig die kritiek van Israel se profete op die ongeregtighede in die volkslewe. Ter wille daarvan het Jesus in die wêreld gekom, is Hy gekruisig en het Hy opgestaan uit die dood. En ons verwagting van sy weerkoms is gerig op „nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon” (2 Petr. 3: 13). Hierdie geloof en hierdie verwagting moet vir die kerk, deur alle eeue en tot vandag, sy houding bepaal en sy roeping en taak vir hom aandui. Hy moet leef en handel en getuig vanuit die toekoms van God. Sy verwagting laat hom inderdaad wag, op Gods tyd; maar dit laat hom ook haas, want in hierdie wêreld van onreg en ongeregtigheid is dit alleen wáár, dat God sy koninkryk van geregtigheid hier oprig.

„TEOLOGIE VAN REVOLUSIE”

In sommige kerklike kringe word daar teenswoordig aangedring op 'n „teologie van revolusie”. Wat daarmee bedoel word, hang natuurlik af van die betekenis wat daar geheg word aan die begrip „revolusie”. In die verantwoordelike teologiese taalge-

bruik, so meen Verkuyl, moet hierdie uitdrukking liever vermy word, omdat dit aanleiding kan gee tot misverstand. Want dit is ontenseglik waar dat daar in ons huidige wêreld ook 'n **ideologie van revolusie**, in die sin van geweldpleging en bloedvergieting as die enigste weg om strukture te verander, besig is om te groei. Die kerk en die teologie het egter ook met hierdie ideologie, soos met alle ander onchristelike ideologieë, niks gemeen nie. Wat nodig is, is om na die Bybel te luister en daarvolgens te handel. Alles wat nodig is vir 'n transformasie van hierdie wêreld waarvan die gelaat oortrek is met die afsigtelike swere van onreg en ongeregtigheid, is daarin voor hande. Die **Woord** moet geglo, d.w.s. gehoor en gedoen word. Ons verwesenlik wel nie die nuwe aarde waarin geregtigheid woon nie, maar niks is meer in stryd met die gees van die apostels en die profete as wanneer daar geen verbinding gelê word tussen die verwagting en ons lewe hier en nou nie. So 'n verbinding bring die daad van antisipasie tevoorskyn waarmee ons ook in die inrigting van hierdie aardse lewe die Dag van die Here tegemoet lééf. Wat die wêreld in ons tyd dus van die kerk en die teologie nodig het, is niks anders as wat dit deur die eeue heen nog altyd nodig gehad het nie, nl. die lig op sy pad vanuit die grondwaarhede van die Bybel en van die Christelike geloof. Dit is waarvoor dr. Verkuyl pleit. Dit gaan vir hom om 'n „**teologie van transformasie**” waardeur die weg gewys sal word om die aardse lewe in te rig vanuit die Bybelse toekomsverwagting. En om dié rede spreek dit in die Suid-Afrikaanse situasie in asof met 'n direkte gerigtheid.

Dat daar in ons land 'n stelsel van onreg in swang is wat onmoontlik kan voortduur, en dat daar verandering moét kom, word deur meer en meer mense onder ons steeds duideliker ingesien. En uitentreure moet dit deur die Christelike getuieis herhaal word dat, wat werklik in Suid-Afrika nodig is, 'n evaluasie van ons situasie is in die lig van die Bybelse heilsgeloof en heilsverwagting. Kan daar maar by benadering sprake wees van enige verbinding tussen God se „nuwe aarde” waarin geregtigheid woon en die feit dat miljoene nie-blankes vanweë die apartheidsbeseitenheid van die blankes en hulle angsvallige selfbehoudspolitiek, vreemdelinge is in hulle vaderland? God wat dáarin God is dat Hy bevryding

skenk en uitlei uit die „slawerny” van ekonomiese en politieke en geestelike gebondenheid, is tog nie slegs die „God van die Afrikaner” nie? Ook die Bantoes en die Kleurlinge en die Indiërs deel tog in sy beloftes, en hulle moét daarin kan deel nie slegs op die wyse van vrome toesegginge nie maar ook op die wyse van lewe in ’n gemeenskap waarin die reg bewaar en geregtigheid gedoen word. Dit behoort, vanuit ’n Christelike oogpunt gesien, die opset van ons landspolitek te wees. En dit is die dure roeping van die kerk om hierdie lig vanuit Gods toekoms te laat val op die pad van die staat in Suid-Afrika.

DIE STAAT?

Dat dr. Verkuyl nie duidelik aandui wat die plek en verantwoordelikheid van die staat in hierdie „teologie van transformasie” is nie, lyk vir my na ’n wesenlike leemte. Dit hang waarskynlik saam met sy uitgesproke afkeer van alle „natuurlike teologie” of „ordeninge-teologie” en „restourasie teologie”. Tog staan ons hier voor wat ook in die Christelike teologie as ’n onontwykbare noodsaaklikheid gesien moet word. Die transformasie van ’n bepaalde samelewingstruktuur kan nie geskied op die wyse soos Verkuyl dit voor oë het, nl. deur gehoorsaamheid aan die gebooe en beloftes van God, deur bekering dus, sonder dat die staat daarin as instansie nommer één gesien word nie. Die kerk is nie so geïnteresseerd daarin as die politieke party dat ’n owerheid wat nie goed regeer, vervang sal word nie. Vir die kerk gaan dit daarom dat ’n owerheid wat onreg doen, hom sal bekeer.

Die stáát is die instansie wat daarvoor verantwoordelik is dat die samelewing ingerig en georden sal word op die grondslae van die liefde en die geregtigheid. Die kerk het daarom ook ’n bepaalde adres waaraan hy sy profetiese getuienis rig, waarvoor hy die voorbeeld vind in die optrede van Israel se profete. Met sy geloof aan Gods bedoeling met die wêreld en sy getuienis vanuit die waarheid van die Godsryk wat in Jesus gekom het en by sy weerkoms in heerlijkheid geopenbaar sal word, staan hy teenoor die staat. Hierdie Bybelse grondwaarhede moet nie alleen die stoot gee aan ’n teologie van transformasie nie, maar dit moet ook oorgaan in ’n daad van transformasie. En daarvan is die staat die subjek by uitnemendheid.

HOUDING VAN DIE KERK

Daarom is dit so noodsaaklik dat die kerk met sy getuienis vanuit die

Godsopenbaring teenoor die staat sterk en suiwer sal staan. Hy versaa sy roeping as hy hom op quasi-Bybelse gronde verset teen elke vernuwing van die samelewing in situasies waar die onreg tot ’n breekpunt gelei het en reeds dringend roep om verandering. Dr. Verkuyl praat in hierdie verband van die **teologie en praktyk van die contra-revolusie**, en verwys na lande soos Rusland, Sjina en Kuba as skrynende illustrasies van watter magte dit oorneem as die kerk dit as sy hoogste roeping beskou om as verdediger en behoeder van die in onreg versterkte maatskaplike struktuur op te tree. Ten nouste hang hiermee saam die **teologie en praktyk van die status quo**. Of alles en almal wat dr. Verkuyl hierby betrek wél hier hoort, betwyfel ek. Selfs is ek van mening dat ’n „contrarevolutionêre” en ’n „status quo”-teologie eintlik nie van mekaar onderskei kan word nie. Wat egter buite alle twyfel staan, is dat ’n pseudo-Bybelse regsinigheid wat hom op sogenaamde „skeppingsordeninge” beroep „om hand- en spandiensten te verlenen aan de status quo van een systeem van politieke en ekonomiese exploitasie”, ’n skandelijke misbruik is van die Skrif. En tereg verwys die skrywer hier pertinent na Suid-Afrika. So lank as wat invloedryke kerke hier vir die ideologie van apartheid sy teologiese onderbou voorsien deur te leer dat „die beleid van eiesoortige ontwikkeling” in ooreenstemming is met skeppingsordeninge wat tot in ewigheid gerespekteer moet word, sal die verandering van die politieke en maatskaplike struktuur wat daar in ons land moet (en gaan!) kom, nie geskied langs die weg van ’n vernuwing van binne uit, van ’n vreugdevolle en gelowige antispasie op die „nuwe aarde” waarin daar geregtigheid woon nie. Ons kerke besef eenvoudig nie hoe groot hulle verantwoordelikheid in hierdie opsig is nie. ’n Geleentheid wat hulle in ’n beslissende tydsgewrig in die geskiedenis van ons land gebied word, nl. om die beëindiging van diskriminasie teenoor die nie-blankes van ons land (wat in elk geval binne afsienbare tyd iets van die verlede gaan wees) tot ’n belewenis vanuit die Evangelie te maak, laat hulle deur die vingers gly. Hoeveel leed en smart sal ons land gespaar bly as ons kerke maar wil uitbreek uit die bande van hulle skeppingsordeninge-teologie om heroute van die Godsryk te word!

GODSDIENS EN POLITIEK

’n Derde fatale reaksie van die kerk en die teologie op die uitdaging van die tyd wat dr. Verkuyl noem, is die **houding van die piëtisme ten opsigte van die transformasie van die samelewing**, waardeur die brandende vraagstukke van die dag ontwyk word. Dat dit as ’n waarskuwing ook aan ons adres gehoor moet word, ly geen twyfel nie. Wat hier met „piëtisme” bedoel word, is daardie wyse van geloof en godsdienstbeoefening wat hom so uitsluitend tot die siel en tot die redding van die enkele mens beperk, dat dit geen aandag oorgehou het vir die wêreldse strukture waarbinne die mens sy lewe leef nie. In Suid-Afrika skyn dit soms skering en inslag van ons godsdienstigheid te wees dat die kerk hom met siele moet bemoei en nie met die politiek nie, al pas ons dit ook toe met ’n sonderlinge inkonsekwentheid.

Die vraag: Watter politiek? is hier eintlik van bepalende betekenis. Die feit bv. dat dr. A. P. Treurnicht uit sy redakteurstoel van **Die Kerkbode** kon oorwip in dié van ’n politieke dagblad, het sy assessorskap van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk hoegenaamd in die gedrang gebring nie. Dit was eintlik ’n vanselfsprekende oorgang wat geskied het onder klaarblyklike byval van kerk-en-volk. Maar die Eerste Minister kan net so goed reken op die algemene instemming van kerk-en-volk as hy predikante wat ’n politieke getuienis laat hoor (nie ten dienste van ’n party nie, maar aan die owerheid!) terugboender preekstoel toe om die evangelie te gaan verkondig!

As die kerk in ons land werklik ’n sinvolle rol wil vervul as medewerker van God in die verwesenliking van sy bedoeling ook met ons totale volksbestaan, sal hy hieroor duidelikheid moet kry en eerlikheid aan die dag lê. En watter een van die twee prioriteit moet geniet, duidelikheid of eerlikheid, is moeilik uit te maak. Die tweede is so voorwaardelik vir die eerste as die eerste vir die tweede.

Maar intussen lyk dit wel of ons onder ’n spel van innig-vrome godsdienstigheid en kerklikheid, van bekommernis oor siele en sorg om die sedes, die grootste geleentheid van die kerk in die geskiedenis van Suid-Afrika mag verspeel.

SONDE

In samehang hiermee is een van ’n aantal belangrike dogmatiese temas wat, volgens dr. Verkuyl, nader uitgewerk behoort te word, die sonde-

leer. Moet dit slegs individueel, selfs slegs tot die intra-psigiese beperk, opgevat word? Leer die Bybel nie dat die oordeel van God ook val op kollektiewe, strukturele sondes nie? „Er zijn machtsstructuren waarin de ongerechtigheid gestalte aanneemt, waarin het racisme gehuisvest is, waarin de onbarmhartigheid geïnvesteerd is”. En dit doen pynlik aan om hom ook weer in hierdie verband spesifiek na Suid-Afrika te hoor verwys; maar omdat dit so onloënbaar waar is, vir ons des te meer rede om ons nie doof te hou vir die waarskuwing wat daarin vervat is nie: „In de debatten over het rassenvraagstuk op de Gereformeerde Oecumenische Synode in Lunteren (1968) was een van de stereotiepe weerstanden tegen het met name noemen van geïnstitutionaliseerd racisme in de apartheids-politiek, dat de zonde in het hart der mensen moet aangewezen worden en niet in bestaande structuren. Men kan blijkbaar het gezag van Gods Woord zeer onderstrepen en zich tegelijk aan het gezag van dat Woord onttrekken, zodra dat Woord over structuren spreekt”.

„TEOKRATIESE NOODSITUASIE”

Ek moet my bespreking van hierdie boek en sy direkte toepaslikheid op Suid-Afrika hier afsluit, maar kan dit nie doen sonder om kortliks nog iets te sê oor wat die skrywer sien as die **middele** in die stryd om transformasie nie.

Die wesenlike leemte is hier natuurlik weer dat hy nie die getuienis van die kerk teenoor die staat vooropstel nie. Hoe belangrik dit is, sou m.i. selfs ook aan die voorbeeld van Suid-Afrika geïllustreer kon word. Want wat ons situasie betref, moet dit feitlik as aksiomaties aanvaar word dat 'n onbevange kritiese houding van m.n. die Afrikaans-sprekende kerke t.o.v. die owerheid, 'n radikale verandering van die politieke koers sou kon meebring.

Daarmee wil ek geensins die rol wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke kan speel in die transformasie van ons samelewing, onderskat nie. Dit is m.i. nog nie te laat om in Suid-Afrika die weg van 'n cendragtige kerklike getuienis teenoor die owerheid te volg nie. Wat dit betref, is dit miskien nodig om hierdie liggaam te bemoedig met die herinnering dat die feit dat die drie Afrikaans-Hollandse kerke nie daarby ingeskakel is nie, wesenlik niks afdoen aan die gesag waarmee hy tot die owerheid kan

sprek nie. Wel moet vir die drie Afrikaans-Hollandse kerke die deur tot lidmaatskap nie slegs wyd oop bly nie, maar hulle moet ook nie met rus gelaat word nie. Daar moet onophoudelik by hulle aangedring word om hulle plek daar in te neem.

Dit ly geen twyfel nie dat die afwesigheid in ons land van 'n kerk wat belydend teenoor die owerheid staan, veroorsaak het wat ek wil noem 'n teokratiese noodsituasie.

Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het in hierdie opsig óók 'n geleentheid wat hy nie mag verspeel nie. Dit is eerstens vir hom nodig om sy eie organisasie so te beplan dat hy oor 'n doeltreffende spreekorgaan sal beskik sodat die stem van die Kerk steeds tydig en betyds gehoor sal word. Tweedens moet hy nie terugdeins vir die feitlikheid waarmee sy posisie as belydende kerk in Suid-Afrika onontwykbaar vir hom aangedui is nie. En derdens moet hy teenoor dié kerke wat òf deur 'n houding van afsydigheid òf deur openlike opposisie teen sy getuienis, sy posisie as belydende kerk betwyfel of ontken, met 'n beroep op Gods Woord en die waarhede van die algemene Christelike geloof die aanspraak handhaaf dat dit nie hý is wat buite staan wat betref die plek wat die kerk van Godsweë in ons volkslewe moet inneem nie, maar hulle.

DOEL EN MIDDELE

In die cendragtige en volhardende getuienis van die kerk teenoor die staat, sien ek tog meer as wat dr. Verkuyl „verklaringe” oor rasse-, ekonomiese, sosiale en politieke geregtigheid noem, en wat hy tereg as onvoldoende beskou. Die getuienis vanuit

die Woord van God is meer as 'n verklaring. Vir dr. Verkuyl gaan dit natuurlik dááror dat daar nie slegs gepraat sal word nie, maar dat daar ook ernstig nagedink sal word oor die middele wat aangewend moet word in die stryd om transformasie van die samelewing — en hy het volkome gelyk. Dit is dan ook in ooreenstemming met sy verantwoordelikheid as professor in die teologie aan 'n universiteit waarvandaan Christelike leiers uitgestuur word as hy beklemtoon dat dié middele suiwer moet wees. Die doel heilig nie die middele nie. „Men kan met immorele middelen geen zuivere doeleinden bereiken”. Hier sou ek dus die kragtige en cendragtige getuienis van die kerk teenoor die staat wil vooropstel.

Die middele wat dr. Verkuyl noem, wil ek slegs nog aanstip sonder om verder daarop in te gaan: 1. Politieke, sosiale en ekonomiese vorming (waarmee bedoel word opvoeding van volwassenes). 2. Uitbuiting van die middele van die parlementêre demokrasie. 3. Opposisie deur woord en geskrif, petisie en demonstrasie. 4. Geweldlose verzet (dus „die soort van ding wat Martin Luther in Amerika gedoen het”, soos ons Eerste Minister dit gestel het). 5. Algehele of gedeeltelike staking. 6. Die gewelddadige revolusie as laaste middel.

Dit sou m.i. van groot waarde wees as temas wat in hierdie boek aan die orde kom, bv. deur studiegroepe van die Christelike Instituut nader bestudeer en uitgewerk sal word met die oog op doeltreffende Christelike getuienis en optrede in die stryd om transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing.

BEN ENGELBRECHT.

QUESTIONS PUT TO THE CHURCHES

Sermon on Matth. 16: 1-4 (Christian Council, Lesotho, 1st March, 1969)

DR. MARIE-LOUISE MARTIN

This New Testament passage speaks about a sign — *semeion* in Greek. A sign in the New Testament context has a double object: first, to announce what is to take place (in this respect it often constitutes an anticipation of the world to come) and secondly, to proclaim or to reveal Jesus as the Messiah by drawing attention to him. The sign shows that

God is at work in Jesus and through him.

Now the enemies of Jesus, the pious and law-abiding Pharisees as well as the liberal Sadducees, came to test him and to require a sign from heaven which would unmistakably prove that he was the expected Redeemer. They wanted something over and above his ordinary miracles and words. After

all, had not the prophets also wrought miracles and even raised the dead and preached? What was therefore new about this Jesus of Nazareth? Outwardly, nothing!

TIME FULFILLED

And yet, everything was new. The time had been fulfilled. God was in Jesus reconciling the world to himself. Salvation had come, the kingdom was present. But not in the spectacular way people at that time expected. It has not dawned upon them in terms of the expected freedom from the colonial yoke of Rome, or in terms of prosperity and a paradise on earth. Rather freedom was there for those who repented and surrendered themselves unconditionally to this Jesus who was a simple preacher and healer and was on his way to suffer and to die. But the enemies of Jesus wanted redemption on their own terms without faith and repentance and were refused the sign they required. They were blind to the reality of God at work in Jesus. "When it is evening you say, it will be fair weather, for the sky is red. And in the morning: it will be stormy today, for the sky is red and threatening. You know how to interpret the appearance of the sky, but you cannot interpret the signs of the times", Jesus reproached them.

They were "an evil and adulterous generation". This means a generation which had turned away from the living God and betrayed his love. For such a generation all signs would be in vain. The only sign which would be given was that of Jonah. Through the preaching of Jonah, the pagan and evil Niniveh repented. One of the implications of this saying of Jesus is therefore that the faith of pagans and of outsiders will confound the pious Jews. And the other is this: as Jonah was three days in the whale's belly, so Jesus will die and rise on the third day. And this will utterly confound the Jews, the Pharisees and the Sadducees alike. For a suffering and dying Messiah was for them a contradiction in terms.

After having said this, Jesus left them and departed.

* * * *

This passage poses a few serious questions for us. Do we understand the signs of our time? Are we aware of how God is at work today in the events of our time and in the stirrings within the Church? Or are we blind and deaf in all our piety like the Pharisees, or in our liberalism like the

Sadducees? Yes, Christ is present in the events of our time, working out both judgment and salvation. Are the Churches in Lesotho able to see and interpret the signs, or are they blind like the Pharisees and Sadducees?

ECUMENISM

The first sign of our time which I want to mention is ecumenism — a thing of which we knew very little in this country even ten years ago. Ecumenism may, however, be a mere word and a cloak under which we pursue all the more our denominational and sectarian aims, objects and policies. If it is that, then ecumenism is a hypocrisy. There is, fortunately, widespread opposition against such surface-ecumenism, as I would call it. This opposition is found especially among the young generation of intellectuals throughout Southern Africa. Why are we still hiving off in small denominational groups to worship and celebrate Holy Eucharist, they ask? Why can't we do things in common without fear that one denomination will lord it over the others? True ecumenism is alive where we do not try to retain something which is more important to us or equally important than what we have in common through Christ. True ecumenism becomes alive where each — I repeat — each denomination is willing to surrender something, even its own life in order to find true life. The world is crying out for such real, sacrificial unity, and not some paper-unity. Are we willing to open our eyes to this sign of our time and to repent and begin on a new and truly ecumenical basis which will then have effects right down to the grass-roots and eventually remove all suspicion and fear between denominations still bedeviling ecumenism today?

THE INDEPENDENT CHURCH MOVEMENT

A second sign of our time is the tremendous rise of the independent church-movement, counting already millions of members in Southern Africa, let alone Central, East and West-Africa. It is not good enough (and far from being a Christian attitude) if we dub them apostates, half-pagans, break-away sects, etc. and say: let them come back to us, the established churches. They will not. They have in many cases developed ways of worship and found means of meeting the deepest needs of men in times of

crisis that differ too much from those of established churches. Have we ever given a thought to the fact that many of our church-members seek their help in times of distress at one of the many "Zions" or "Jerusalems"? Instead of being indignant, why do we not ask ourselves if it is not perhaps the Lord Himself who is active in these independent movements and showing us where we have neglected vital aspects of the Christian faith through a too onesided western approach? Must we not repent by taking their quests seriously and entering into a dialogue with them? We have to make the first step, because they still suffer from a feeling of being despised. But certainly, the tremendous rise of this movement in Africa is one of the signs of our time.

IDEOLOGIES

A third sign of our time is the strong impact of ideologies in the whole world, ideologies which call themselves Christian or anti-Christian (among the latter e.g. militant communism). They are all dangerous. A well-known New Testament scholar said to me some time ago that all "isms" and ideologies come from the devil and are infected by the powers of darkness and evil. I think that this basically is true. All too often they develop into a pseudo-gospel, and I would like to draw your attention to the Message published some few months ago by the S.A. Council of Churches. Now, ideologies know no boundaries of country and race; no passports and visas are required from them. Are we aware of the possibility of such ideologies spreading among us, and of ill-practices springing from them that could do untold harm to Lesotho and divide our people even more? To keep quiet in order to maintain the structures of our churches will not help us. For Christ has said: "Whoever would save his life will lose it, but whoever loses his life for my sake will find it".

SECULARISATION

The fourth and last sign of our time that I want to mention is the tremendous process of secularisation that has set in and the crisis of authority that is so obvious in the student unrest all over the world. People no longer believe in authority because a certain authority happens to be there. They question all the structures, and they question the structures as well as the

language and attitude of the Church. How many prayers and sermons are still expressed in the language of Canaan, or in the language of the 19th century? How many problems are ignored, and the church takes little note of the tremendous social, political and scientific changes within the last twenty five years. It would be wrong to call this secularisation process and the whole crisis of authority simply sin and apostasy. There is of course sin and apostasy in it, as we find sin and apostasy within the Church. In some quarters the Church has been so much out of touch with real life that it has for all practical purposes denied the incarnation of Christ, which is

God's self-identification with man as he lives here and now, and not some twenty, fifty or hundred years ago. The gospel must be lived and spelled out for present-day man with his needs and problems. Insistence on mere authority (what we call in Sotho the "Borena-attitude") will only stifle opposition. God is challenging us tremendously through this sign of our time. The problems of a new age and a new man in this secular age have to be dealt with together in this part of the world, with a new awareness of African culture and its forms of expression in religion and community life.

I have mentioned briefly four signs of our time only. There are others. The question is: do we see and take them seriously? Or do we find it more convenient to close our eyes? If so, we shall not escape judgment. Jesus may leave us and depart, as we read in the last verse of our Scripture portion. Yet God's gracious call still goes out: "Cast away from you all the transgressions which you have committed against me, and get yourselves a new heart and a new spirit. Why will you die, o house of Israel — o Church of the Lord? For I have no pleasure in the death of anyone, says the Lord God. So turn and live!" (Ez. 18: 31f).

Die Kerk Buite Suid-Afrika

— PROF. B. B. KEET

POUS PAULUS VI ANNEKSEER DIE JAAR 1969

„Persbureau der Nederlandse Hervormde Kerk” noem hom die „blunderaar van het jaar”, en begin dan ’n aanhaling uit ’n artikel van Joost van Roon, *Het Vrije Volk*, 31 Desember 1968, met hierdie woorde: As die klok vanaand 12 uur slaan, besef u dan onmiddellik dat Wêreldvrede-dag aangebreek het? Die Pous self het dit gesê. Kater of geen kater nie, 1 Januarie is deur hom bestem as „dag van vrede”. En dan gaan die berig voort: Miljoene Katolieke werk mee, het die Vatikaan gemeld. En ses regerings in Latyns-Amerika (u weet wel dié fyn-katolieke diktature) het terug laat weet dat hulle reeds ’n dag van besinning daarvan gemaak het.

Wees dus môre ekstra lief vir mekaar. As oorlogvoerende regeringe maar net na die kalender wil kyk. Miskien sal hulle die Kers-stilstand nog ’n bietjie verder wil rek — dit kan dan minder dodes beteken. In alle geval, dat Paulus VI geen vrede op die slagvelde kan bring nie verwonder niemand nie; maar wel wêk dit die hoogste verbasing (en magtelose woede!) dat hy in ’n klassieke drama soos dié in Florence geen vrede bring nie.

Wat het die sagmoedige vegter-pastoor Mazzi in die Florentynse wyk Isolotto anders gedoen as om jaar in en jaar uit solidêr met die armes en werkloos in sy parogie te verkeer? En wat het die Pous gedoen? Hy het skandelik nagelaat om hierdie klein maar groot man in beskerming te neem teen die nougesette kardinaal Florit wat hom in Desember uitge-rangeer het, weggee het soos ’n lastige vlieg. Die Pous het dan Mazzi laat oorlewer en die kant van die verblinde Florit gekies — ’n man wat net soos hy self ly aan die neuroses van die formele, deur dik en dun gesagdraer.

Hier stem volkome ooreen wat hierdie pous aan vyfduisend arbeiders in die staalfabrieke van Taranto gesê

het, tydens die viering van die mis in die Kersnag: „U vertoef in ’n wêreld wat aan ons, mense van die kerk, volkome vreemd is”. Inderdaad, die wêreld van pastoor Mazzi is aan Paulus VI, man van die kerk, volkome vreemd. Hoe dit ook sy, in Europa word die Vatikaan steeds ongeloofwaardiger. Die Romeinse hoofbestuur het, dank sy die onderdanige geloof van massas, eenvoudige mense, homself gehandhaaf. Maar priesters weet beter. Steeds meer priesters en leke weet nou ook beter. Die jaar 1968 het dit, tot groeiende verrassing, aan die lig gebring . . . Daar is geen hoop solank as die biskop van Rome simbool en brandpunt van die hierargie bly nie — die instituut wat nou verouder is.

MARTIN LUTHER KING VEREER

Ecumenical Press Service maak melding van verskeie onderneminge ter ere van die man wat deur ’n sluipmoordenaar om die lewe gebring is, die man wat ’n pryswenner was in die Nobel Vredesstiging en wie se ideale op hierdie wyse erkenning en bevordering verkry. ’n Sentrum as gedenkteken word opgerig in Atlanta, en op wat sy veertigste verjaarsdag (15 Jan.) sou gewees het, het mev. King aangekondig dat ’n „centre of hope” op verskeie plekke opgerig gaan word, saam met ’n aandenkingspark waarin die liggaam van Dr. King sal rus. Dan word daar ook ’n instituut vir Passiewe Sosiale Verandering en ’n Instituut vir Afro-Amerikaanse Studies, met biblioteek en argiewe, gestig. Stigtingsgeskenke, gemeenskaplike en private geskenke word verwag om die sentrum te finansier om die koste te dek, wat geskat word op nagenoeg 40 miljoen dollar.

Op dieselfde dag is grond in Atlanta aangekoop teen 2.5 miljoen dollar vir ’n Martin Luther King dorp met 192 eenhede vir matige en lae inkomste families. In hierdie dorp sal die Southern Leadership Conference, waarvan Dr. King leier was, sy hoofkwartier hê.

In Washington het Senator Edward W. Brooke van Massachusetts ’n wetsontwerp voorgestel om 15 Janu-

arie van elke jaar te noem „Martin Luther King Day”. Die wetsontwerp is ook in die Huis van Verteenwoordigers voorgestel. Mev King het na Indië gegaan om die Nehru-prys vir

Internasionale Verstandhouding te ontvang, deur die Indiese regering aan haar man toegeken. In Londen sal sy op 16 Maart op uitnodiging 'n preek lewer in die St. Paul's-katedraal

(Anglikaans). Haar oorlede man het hier presies vier jaar gelede gepreek toe hy op weg was na Oslo om die Nobel Vredesprys te ontvang.

Letters—Briewe

LASTIGE VRAE

Ds. Nico van Loggerenberg, Posbus 346, Benoni.

Die saaklike vrae en opmerkinge van mnr. V. G. Davies van Kaapstad aan die redakteur van *Pro Veritate*, in die jongste twee uitgawes, was beslis baie lastig en die redakteur kon sy opsigtelike verleentheid nie verberg nie, daarom 'n verdere paar opmerkinge as deelname aan die gesprek.

1. Die verleentheid van die redakteur was enersyds 'n openbaring en andersyds 'n tipiese kenmerk van die moderne liberalisme. Dit was 'n openbaring omdat *Pro Veritate* jare gelede gestig is om beter „begrip” oor beleidsake en onderlinge verskille te bevorder. *Pro Veritate* het dan ook al die jare van sy bestaan „apartheid” konsekwent betwis en nou moet die redakteur rondborstig erken: „We have indeed no clear-cut answer as to what the alternative to apartheid should be”. Hoe pateties klink dit nie! Watter beter begrip kan *Pro Veritate* bring as hy self nie weet wat hy wil bevorder nie?

Die verleentheid is ook 'n tipiese kenmerk van die liberalisme. Hierdie meerderwaardige geestesrigting wil die politieke, godsdienstige en sosiaal-maatskaplike ordes en atmosfeer in die wêreld deur agitاسies, proteste, die vermenigvuldiging van organisاسies en strydgeskrifte, hervorm en omvorm, en as jy hulle vra: Wat is die alternatief wat julle voorstel en wat gaan die eindresultaat daarvan wees? Dan kom die patetiese antwoord: „We have indeed no clear-cut answer”. As *Pro Veritate* dan geen „clear-cut” antwoord het nie, waarom betoog hy dan met „niks” teen 'n staatkundige be-

leid? Is dit werklik so, of durf *Pro Veritate* nie sy „clear-cut” alternatief, volkome rasse-integrاسie, bekend maak nie?

2. Voorts sou ek graag wou weet: Waarom kleef *Pro Veritate* so krampagtig aan die misleidende begrip „apartheid” vas, terwyl Suid-Afrika, kerklik en staatkundig, lankal die begrip laat vaar het? Is dit miskien omdat die misleidende begrip die negatiewe verbeelding van die liberalisties denkende mensheid in die wêreld aangegryp het? Of is dit miskien omdat die geldbronne van *Pro Veritate* en die Christelike Instituut dit verwag? *Pro Veritate* is in die lewe geroep om die waarheid te dien en beter „begrip” te bevorder en tog bly hy vaskleef aan 'n misleidende en afgeskryfte begrip. Waarom leef *Pro Veritate* so agter die tyd?

Die begrip „apartheid” is misleidend omdat dit 'n statiese voorstelling van die werklik dinamiese beleid van differensiasie en eiesoortigheid is. Dit is ook misleidend omdat „apartheid” 'n negatiewe begrip is, terwyl die samelewingsorde positief Christelik is. Die begrip „apartheid” is Christelik aanvegbaar, terwyl die beleid van differensiasie en eiesoortigheid Christelik-Skriftuurlik onaanvegbaar is. Nou is my vraag dit: Watter begripsverheldering wil *Pro Veritate* nou bevorder, wanneer hy halsstarrig met negatiewe en verouderde begrippe hom besig hou?

Skrywer is persoonlik oortuig dat *Pro Veritate* en die Christelike Instituut hul strategie nie durf aanpas by die positiewe ontwikkeling van die samelewing in Suid-Afrika nie, want dan verval hul bestaansreg en sal die wêreld daarvan kennis neem dat selfs die separatistiese godsdienste hulle verwerp.

* * * *

Lees asseblief ons inleidingsartikel.

Mnr. Davies het blykbaar van ons verwag om 'n uitgewerkte alternatiewe politieke beleid teenoor die beleid van apartheid te stel, soos duidelik blyk uit sy brief wat in ons Januarie-uitgawe verskyn het. En juis wat dit betref, het ons dit nog altyd duidelik gestel dat daar in die lig van wat ons as die alternatief vir apartheid beskou, nie so presies en omlynd vooruit gesien kan word hoe ons samelewingspatroon daar sal uitsien as

ons die idee van apartheid sou laat vaar nie. Ons voel ook hoegenaamd nie dat ons daarmee in 'n hoek van stomme verleentheid staan nie. Dit gaan vir ons tog basies dáárom dat apartheid as geestelike grondslag vir die inrigting van ons samelewing, vanuit 'n Christelike oogpunt gesien, klaarblyklik verwerplik is. En ons pleit steeds daarvoor dat daar 'n ander, of liever: 'n CHRISTELIK-GELDIGE geestelike grondslag vir ons landspolitiek gevind moet word. Dit is, volgens ons oortuiging, die op die evangelie van die versoening in Christus gebaseerde geloof dat alle mense in Suid-Afrika, ongeag hulle ras of kleur, as 'n gemeenskap kan SAAM lewe. Des te meer moet dit die uitgangspunt van ons politiek wees omdat ons in alle feitlikheid hier tog saam IS. Hoe die samelewing in ons land daar sal uitsien as DIT die grondslag is waarop ons dit inrig en die doel waarop ons afstuur — en daarvoor was ons nog nooit ontwykend nie — is nie vooraf in 'n uitgewerkte patroon vas te lê nie. Daarvoor kan daar uiteraard ook eers sinvol gepraat word as ons bereid is om ons op hierdie gelóófsbasis te stel en ons politiek daarop te bou. Soveel is ten minste seker dat talle gedrogtelike apartheidswette (die rasseklassifikasiewet, om maar een te noem) wat „kankers in ons volkslewe” is, daaruit verwyder en weggeslinger sal word.

Ons is in elk geval dankbaar om te verneem dat ds. Van Loggerenberg apartheid ook as aanvegbaar beskou. Miskien is ons tog nie so uit die pas met ons woordgebruik soos wat ds. Van Loggerenberg wil voorgee nie. 'n Euwele saak word nie goed deur 'n mooi naam daaraan te gee nie. Daarom is dit altyd beter om dit maar by sy eintlike naam te noem. In die huidige landspolitiek het dit nog nooit om iets anders as om apartheid gegaan nie. Moontlik het ds. Van Loggerenberg in „Die Vaderland” van 18 Februarie die berig gelees onder die opskrif: DIE „KLEIN APARTHEID” IS HIER VIR GOED. Die woorde van niemand minder nie as adjunk-minister S. Froneman word daarin aangehaal, met die uitdruklike vermelding dat hy namens die Regering gepraat het. Daar staan in die berig onder meer:

● Oor die „morele regverdiging van diskriminerende apartheidsmatreëls” het mnr. Froneman gesê:

„... Hierdie beheermaatreëls wat in die idioom van die integrasioniste (as) diskriminerend en (as) „klein apartheid” bestempel word, sal moet bly voortbestaan solank daar vreemde werkers binne die wit tuislande is.

„Ek wil ook daarby voeg dat hierdie matreëls nie moreel geregverdig word deur die tydsduur daarvan nie.

„Die standpunt dat daar totale territoriale apartheid (met ander woorde dat elke Bantowerker na sy eie tuisland moet terugkeer), binnekort moet kom anders sou die morele grondslag van hierdie sogenaamde diskriminerende

maatreëls verval, word deur my verwerp.

„Volgens daardie standpunt word sogenaamde klein apartheid as tussentydse maatreëls beskou, maar ons ken geen tussentydse moraliteit nie. Om te beweer dat beheermaatreëls oor vreemde werkers slegs moreel is as dit vir 'n interimperiode is, is te geklik vir woorde.

„Beheermaatreëls vir behoud van identiteit van die eie is in homself 'n morele regverdiging“, het hy gesê. ●

Al sou 'n mens nog net een Christelike haar op jou kop gehad het, behoort dit te rys by die lees van hierdie woorde. Aan die saak verander dit niks dat die adjunk-minister verkies om die lelike woord „diskriminerende“ maatreëls te vervang met „beheermaatreëls“ nie. Dis tog stellig nie die „integrasioniste“ wat uitgevind het dat 'n houding van verwerpende onderskeiding teenoor 'n medemens (en as die blanke bewindvoerders die nie-blankes in wat ook HULLE eie land is, tot vreemdelinge verklaar en as vreemdelinge behandel, is dit 'n verwerpende onderskeiding!) diskriminasie, en niks anders as diskriminasie is nie. En nóg die woord „apartheid“ (klein of groot) nóg die politiek wat daardeur

aangedui word, het sy oorsprong by die „integrasioniste“. Daarom kan geen regeeringswoordvoerder, hoe angsvallig hy ook al probeer, dit ooit konsekwent verhoed dat die woord „apartheid“ hom ontglip as hy die saak waaroor dit in die landspolitiek gaan, in gepaste woorde wil uitdruk nie. Ds. Van Loggerenberg, wat waarskynlik 'n gereelde koerantleser is, sal dit nie kan ontken nie. Met sy erkenning dat apartheid aanvegbaar is (dit behoort vir hom as Christen sonder meer verwerplik te wees) is hy dit aan sy eie gewete verskuldig om op te hou om dit te verdedig; en as bedienaar van die goddelike Woord is hy dan ook verplig om tydig en ontydig die waarheid van die evangelie daarteenoor te stel.

— Redakteur.

WORSHIP NOT A FORM OF ENTERTAINMENT

Mr. V. G. Davies, 89 Kloof Road, Sea Point, Cape Town.

I think the article by Basil Moore, "Mood' Worship," (Feb. issue) calls for comment. As I see it there are two dangers here. Firstly there is the danger

that people, especially young people, will come to regard divine worship as merely another form of entertainment, and secondly there is the danger that the practice of religion will be seen, partly or wholly, as a mere question of mood — If one happens to be in a particular mood, one worships God and practises religion; if not, one finds something else more interesting to do! But the worship of God and the practice of religion are not forms of entertainment or a question of mood; they are solemn duties; duties incumbent on one irrespective of mere human feeling and preference. Certainly there should be a maximum of lay participation in the divine worship of the Church, but this should be brought about in such a way as to exclude extraneous elements such as mere entertainment and mere mood. If we are not careful we shall allow over-secularization to prostitute the Christian religion! A proper balance must be kept so that the due solemnity, respect and decorum that serves to keep in proper perspective the relationship of man to God; of creature to Creator, is preserved, and the inroad of a prostituting over-secularization kept at bay.

Recently Published

Order Your Copy Now!

PROPHETIC CHRISTIANITY IN THE CONGO

By MARIE-LOUISE MARTIN D.D.

A REVEALING FORTY-PAGE DESCRIPTION AND ANALYSIS OF A REMARKABLE CHURCH IN THE CONGO, THE "CHURCH OF CHRIST ON EARTH THROUGH THE PROPHET SIMON KIMBANGU."

Published by the Christian Institute of Southern Africa

(African Independent Churches' Department).

Price 50 cents, including postage.